SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS 13 Julie 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTEL

Ons moet aankondig dat ZS6AKF Dennis Clur, lid van die Sandtonklub, se sleutel op 1 Julie stil geraak het. Dennis is in die laat 1950's gelisensieër toe hy aan die Universiteit van Grahamstad studeer het en hy het sy lisensie behou en in 1994 tot die stokperdjie teruggekeer. Hy was baie aktief op foon en in die besonder op GG en DX. Hy word gemis deur sy LV Denise en familie. Ons innige meegevoel aan sy familie en vriende.

POUSE

In die nuus vandag:

NUUS VAN DIE SARL RAAD

SARL HF FOON-KOMPETISIE

SWITSERLAND MAG DIE EERSTE WEES OM KODE-VRYE LISENSIES TE IMPLEMENTEER

DXPEDISIE NA FRANSE-POLINESIë

SWAZILAND OP DIE LUG

WRK VERSKAF TOEGEVOEGDE WAARDE AAN AMATEURNOODKOMMUNIKASIE

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

NUUS VAN DIE SARL RAAD

BETALING VAN LEDEGELDE

Die Raad van die SARL wens almal in kennis te stel dat betaling van ledegelde slegs deur middel van die volgende metodes en terme gedoen kan word: 1) Kontant of tjek vir die volle bedrag: 2) Geldige tjek met twwe vooruitgedateerde tjeks tot die volle bedrag; 3) Volle betaling per kredietkaart.

Dit is nodig dat die volle betaling by die einde van Augustus elke jaar gedoen sal word.

SARL KOMITEES ONTBIND

Tydens 'n raadsvergadering gehou op 9 Julie is dit eenparig besluit dat: 1) Die Uitvoerende Komitee onmiddelik ontbind word;

2) Die Finansiële Komitee onmiddelik ontbind word;

3) 'n Oudit van die rekeninge gedoen sal word en die resultaat van die bevindings gepubliseer sal word, die datum van die oudit sal in volgende week se bulletin aangekondig word. Hoopvol sal dit 'n einde bring aan die voortdurende debat in hierdie verband en die Raad toelaat om op die toekoms te fokus.

Hou die SARL seb webwerf dop vir voortgaande ontwikkelings.

Ondersteun die SARL en beïnvloed die toekoms . (Ex Graham ZS6GJH)

MORSEKODEVEREISTE VIR ONBEPERKTE LISENSIE

Dit blyk dat daar baie verwarring bestaan oor die status van GG in SA. Opsommend, die ITU-konferensie, WRC-03 wat onlangs in Geneva gehou is het aanbeveel dat GG nie langer 'n voorvereiste vir 'n onbeperkte (hier 'n ZS) lisensie moet wees nie. Die besluit geneem by WRC-03 betreffende regulasie S25 laat dit oor aan die adminastrateurs van elke land om te besluit om die verandering te implementeer of om die vorige bindende 12 wpm toets te behou of om 'n alternatiewe metode te gebruik om vaardigheid te toon om op die HF-bande te bedryf.

Dit bly steeds die verantwoordelikheid van die lokale regering om te besluit oor watter metode om in SA te volg. Dit word nie verwag dat enige besluit binnekort geneem sal word nie. Enige beoogde veranderings aan die bestaande radioregulasies in hierdie verband moet deur middel van die Staatskoerant vir kommentaar gesirkuleer word voor stemming in die parlement. Dit is 'n langdurige proses en neem gewoonlik minstens drie maande. Na kommentaar ontvang is, moet die Departement van Kommunikasie en OKOSA enige voorgestelde wysigings sanksioneer voordat 'n finale besprekingsdokument opgestel kan word vir bespreking in die Parlement. Tipies kan hierdie proses 12 maande of langer in beslag neem.

Die SARL stel tans 'n voorstel in hierdie verband op vir voorlegging aan OKOSA. Die SARL hersien die algehele lisensiestruktuur, ZR, ZU en ZS sowel as die

vereistes vir elk insluitende die RAE sillabusse en GG. Meer besonderhede oor die SARL-voorstel sal in volgende bulletins verskaf word.

Daar is absoluut geen waarheid in gerug dat ZR're reeds in die HF-bande mag bedryf nie.

TOTALE AFSKAFFING VAN MORSEKODE

Totale afskaffing van GG as 'n vereiste vir onbeperkte lisensies in die nabye toekoms is om die volgende redes nie waarskynlik nie: 'n Bestaande ooreenkoms met OKOSA bepaal dat ons (SA) 'n minimum komponent van 5 wpm as 'n vereiste vir 'n onbeperkte lisensie het totdat 'n alternatiewe metode daargestel is vir die bevoegdheid te bepaal van 'n lisensiehouer vir toegang tot die HF-spektrum. Die besonderhede van 'n alternatiewe metode is onder bespreking met OKOSA as voortgaande dialoog tussen die SARL en die radioreguleerder.

Die voordele van hierdie ooreenkoms vir die onbeperkte operateur is: 1 Die lisensiehouer sal die metode kan kies wat hom die beste pas om HF-toegang te bekom; 2 Die alternatiewe metodes sal voorsiening maak vir persone wat om verskeie redes nie GG kan bemeester nie; 3 Dit sal die HF-spektrum open vir 'n groter aantal gelisensieërdes.

Dit is die taak van die SARL en die Reguleerders om die vereistes vir die verskeie kategorieë, ZR, ZU, ZS en ander kategorieë soos nodig te bepaal.

SARL HF-FOONKOMPETISIE

Die doel van die HF-Foonkompetisie is om deelnemers toe te laat om so veel moonlik amateurs in Suider-Afrika te kontak op die 20, 40 en 80 meter amateurbande. Die 2003 geleentheid vind plaas op Sondag 3 Augustus vanaf 14:30 tot 18:30 SAT [neem kennis van die nuwe tye].

Die volgende bandgedeeltes mag gebruik word: 14,125 tot 14,175 MHz; 7,040 tot 7,080 MHz en 3,600 tot 3,650 MHz. Deelname kan as 'n Enkeloperateur- of 'n Multioperateurstasie wees. Individuele deelnemers en klubstasies word aangemoedig om deel te neem.

RS en 'n reeksnommer wat by 001 begin word uitgeruil. ESB-kontakte tel 1 punt. Elke roeparea per band gewerk tel 2 punte. En elke stasie wat op al drie bande gewerk word tel 2 punte. Die roepareas is Area 1: ZS1, Area 2: ZS2, Area 3: ZS3, Area 4: ZS4, Area 5: ZS5, Area 6: ZS6, Area 7 (oostelike group): 3DA, 7P, 7Q, 9J, C9, Z2, ZS8 en Area 8 (westelike groep): A2, D2, V5, ZD9, ZS7.

Sertifikate word toegeken vir die eerste drie plekke asook die hoogste telling op 'n enkelband.in die kompetisie. Daar is ook 'n trofee vir die hoogste gekombineerde telling in beide die foon- en GG-kompetisies.

Logopsommings en logstate moet op of voor 18 Augustus 2003 gepos word aan die Kompetisiekomitee, Posbus 1721, Strubensvallei, 1735 of per e-pos aan contest@sarl.org.za. (ex ZS4BS)

DXPEDISIE NA FRANS-POLINESIë

Twee lede van Kaapstad, Barry Fletcher ZS1FJ en Deon Erwin ZS1ZL (vroër ZR1DQ) tesame met Phil Whitchurch G3SWH van Engeland, is op die oomblik besig om 'n dxpedisie in die FransPolinesiese groep eilande te bedryf waar hulle die roepseine G4MFW/FO0 gebruik. Hulle sal daar wees tot 27 Julie en werk op all bande met ESB, RTTD en GG. Volle besonderhede en alle inligting kan op hulle webwerf www.qsl.net/g4mfw gevind word.

Hierdie is 'n rare DXCC-entiteit en hulle sal op die uitkyk wees vir ZS-stasies. So hier is jou kans om moontlik 'n paar IOTA-eilande en 3 nuwe lande te werk.

Die loodsstasie in Afrika vir hierdie Dxpedisie is Dennis Wells ZS1AU, wie ook e-posverkeer op zs1au@qsl.net sal hanteer. (ex ZS1AU)

SWAZILAND OP DIE LUG

Rad ZS6RAD, Ron ZS5ABD, Cliff ZS6BOX and Willie ZS5WI sal 3DA0DX vanaf Swaziland bedryf vanaf 29 Julie tot 3 Augustus, albei dae ingesluit.

Hulle sal, daagliks vanaf 03:00 tot 07:00 en weer vanaf 14:00 tot 22:00 UTC op die meeste bande aktief wees, insluitende BHF en UHF met die gebruik van foon, GG, WSJT en RTTD. Hulle sal aan die SARL HF-foonkompetisie op 3 Augustus deelneem as 'n multi-operateurstasie om die Dxpedisie mee af te sluit.

QSL via die buro of direk aan ZS5WI, Posbus 1064, ESHOWE, 3815 tesame met 'n selfgeadreseerde koevert met die nodige seël of sluit genoeg in om posgeld te dek indien van buite die RSA. E-pos navrae kan gerig word aan zs5wi@iafrica.com. (ex ZS5WI)

SWITSERLAND MAG DIE EERSTE WEES OM KODEVRYE LISENSIES TE IMPLEMENTEER

Ons het verlede week berig oor groot besluite wat geneem is by die Wêreld RadioKonferensie in Geneve. Hierby ingesluit is die onmiddelike verwydering van die verpligte morsekodevereiste vir toegang tot die HF-bande, en die welkome nuus van 'n addisionele 200 kHz van die spektrum op die 7 MHz band wat in 2009 van toepassing sal wees. In die VK het die "Radiocmmunications Agency" alreeds gesê dat dit die kodevrye lisensies so gou moontlik sal inbring. In Switserland lyk dit of dit die eerste land sal wees om die nuwe reëls toe te pas. Volgens USKA, die Switerse nasionale amateurvereniging, gaan die lisensieërende outoriteit aldaar aan alle klas 2 amateurs binne die volgende paar dae skryf om aan hulle "tydelike toestemming" te gee om onmiddelik op die HF-bande te kan werk. (ex RSGB)

WRK VERSKAF TOEGEVOEGDE WAARDE AAN AMATEURNOODKOMMUNIKASIE

Paul Gaskell G4MWO, die RSGB se nasionale köordineerder van Vrywilliger Radiokommunikasiedienste, het die toegevoegde waarde wat aan amateurradionoodkommunikasie gemaak is met die wysigings aan Artikel 25 van die ITU

se Radioregulasies uitgewys.

Artikel 25.3 lees nou as volg: “Amateurstasies mag gebruik word vir die transmissie van internasionale komunikasie namens ’n derde persoon slegs in ’n geval van nood of rampverligting. ’n Administrasie mag die toepaslikheid hiervan aan amateurstasies onder sy jurisdiksie.” Hierdie is ’n merkbare verandering van die ou bewoording wat gelees het ” Dit is absoluut verbode vir amateurstasies om gebruik te word vir die uitsending van internasionale kommunikasie namens derde partye.

Paul sê verder “’n Totale nuwe regulasie, Art 25.9A is goedgekeur, ’n bepaling wat geen toeligting nodig het nie en lees as volg:” Administrasies word aangemoedig om die nodige stappe te neem om amateurstasies toe te laat om voor te berei vir en om kommunikasie daar te stel in ondersteuning van rampverligting.”

Dit word gehoop dat administrasies regulasies sal maak wat amateurs sal fasiliteer in die voorbereiding vir die daarstelling van kommunikasie in noodgevalle en rampverligting. Dit was ’n baie belangrike IARU doelwit. (ex RSGB)

DATUMS OM TE ONTHOU

Sluitingsdatum vir benoemings vir Radioamateur-van-die-Jaar 15 Julie; Vlooimark in Pretoria op 2 Augustus, tafelbesprekings by Magda, ZS6MVW, Tel 012 386 4901 of Almero, ZR6RY, Tel 082 908 3359.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Gustav, ZS6BWN, en gelees is deur …….. vanuit …….. as ’n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. ’n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Totsiens almal.

/EX